Verwysing: 20210315-1617
Lêernommer: 13/10/1/2
Navrae: C Mentor

Assesseringsbestuursminuut: 0004/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Aansoeke om betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir die 2021 Nasionale Senior Sertifikaat- en die 2022 Senior Sertifikaat-eksamen**

1. Aansoeke word ingewag van opvoeders, vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners wat aan die kriteria (soos uiteengesit in **Bylae A**) voldoen vir die betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir die November 2021 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)- en die Junie 2022 Senior Sertifikaat (SS)-eksamen.

2. Suksesvolle aansoekers sal slegs vir 'n tydperk van **EEN JAAR** aangestel word. Alle nasieners wat dus in 2020 aangestel is en graag gedurende die 2021-22-siklus wil nasien, **moet weer in 2021 aansoek doen.**

3. **Elke aansoeker** moet via Google Chrome aansoek doen met behulp van die aanlyn aansoekstelsel by https://exams.westerncape.gov.za/markers en die stappe volg wat in **Bylae B** uiteengesit is. Toegang tot die aanlyn aansoekstelsel kan ook verkry word vanaf die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se webwerf by https://wcedonline.westerncape.gov.za/vacancy-lists.

4. 'n Skakel na 'n skermgreep met uitvoerige beskrywings van die stappe wat tydens nasieners se aansoeke gevolg moet word, kan op die tuisblad van die webwerf vir aanlyn aansoeke gevind word.

5. Aansoekers moet aansoek doen om **alle vakvraestelle en betrekkings** waarvoor hulle oorweeg wil word en waarvoor hulle in aanmerking kom (verwys na **Bylae A**). Byvoorbeeld, as 'n aansoeker aansoek doen as adjunkhoofnasiener, moet hy/sy ook aansoek doen om die betrekking as senior nasiener **en** nasiener. Let daarop dat indien 'n opvoeder byvoorbeeld slegs aansoek doen om 'n betrekking as adjunkhoofnasiener, hulle **nie oorweeg sal word** vir die betrekking as senior opsiener of nasiener nie. Aansoekers sal dus slegs oorweeg word vir die pos(te) waarvoor hulle aansoek gedoen het.

6. Dit is 'n voorvereiste vir alle **nuwe nasieners** (**wat die eerste keer aansoek doen**) om **aanlyn profiele** te skep. Hulle moet eers op die aanlyn stelsel registreer voor hulle die aansoekproses kan invul. Sodra nuwe aansoekers geregistreer is, moet hulle dan by die stelsel inskakel met die gegewe besonderhede en die **aanlyn aansoek** volgens die stappe wat in **Bylae B** aangedui is, invul. Dit is noodsaaklik dat nuwe aansoekers al die nodige dokumente wat in paragraaf 10 hieronder genoem word, oorplaas. Tydens die laaste stap, moet hulle aandui watter vakke hulle voor aansoek doen om na te sien.

7. Nasieners wat reeds 'n **profiel geskep het** en weer aansoek wil doen om in 2021 na te sien, moet inskakel deur hul gewone inskakelingsbesonderhede te gebruik. Hulle **moet** alle bestaande inligting op die stelsel (stappe 4−6) **verifieer** voor die verpligte velde ingevul word. Slegs ná hierdie proses afgehandel is, sal hulle 'n **formele aansoek** vir nasien kan indien deur stappe 7 en 8 in te vul. **Neem asseblief kennis** dat deur slegs die 2021-verklaringsvorm oor te plaas, dit **nie beteken** dat u 'n aansoek ingedien het **nie**. Aansoekers **moet aansoek doen** om 'n vakature soos aangedui in stappe 7 en 8 van **Bylae B**.

8. Aansoekers moet toesien dat alle velde ingevul is. Onvolledige velde sal daartoe lei dat 'n aansoek as onsuksesvol beskou word, bv. jare ondervinding van graad 12-onderrig (2017–2021) en 2020 se slaagsyfer in die vak.

9. Neem kennis dat die aansoeke van nasieners wat versuim om die onderstaande dokumente in te dien en voor te lê as onsuksesvol beskou sal word.

10. Die volgende dokumente moet saam met die aansoek gelaai word:
    - Gewaarmerkte afskrif van geldige Suid-Afrikaanse identiteitsdokument, geldige nie-Suid-Afrikaanse identifikasie in die geval van buitelandse burgers met permanente verblyf en/of geldige paspoort
    - Gewaarmerkte afskrif/te van kwalifikasiesertifikaat/-sertifikate
    - Geldige werkspermit of bewys van permanente verblyf, wat ook al van toepassing is (in die geval van buitelandse burgers)
    - Bewys van registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwysers (SARO) – as die sertifikaat nog nie ontvang is nie, dien 'n beëdigde verklaring en bewys dat aansoek gedoen is in
    - Bewys van verblyf

- Verklaringsvorm wat deur die **aansoeker en huidige prinsipaal/distriksdirekteur** onderteken is (met 2021 as datum).

11. Die volgende opvoeders **mag nie** as nasieners aangestel word nie:
    - Prinsipale en waarnemende prinsipale
    - 'n Opvoeder wat uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement ontslaan is
    - 'n Opvoeder wat 'n vrywillige skeidingspakket aanvaar het
    - 'n Opvoeder wat weens swak gesondheid afgetree het
    - Aansoekers wat 65 jaar oud is of wat in die nasientyd 65 sal word
    - Distriks- of Hoofkantooramptenare wat nie meer direk by die onderrig of advisering van 'n vak betrokke is nie
    - 'n Opvoeder wat aan 'n ander pos afgestaan is en wat tans **nie** die vak onderrig nie.

12. Voorkeur sal gegee word aan aansoekers wat tans by NSS-skole voltyds onderrig gee.

13. **Vakke met 'n bevoegdheidstoets**

13.1 Die WKOD sal in 2021 bevoegdheidstoetse in die volgende vakke uitvoer:
- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Verbruikerstudies
- Ekonomie
- Engels Huistaal
- Geografie
- Geskiedenis
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid
- Fisiese Wetenskappe

13.2 Slegs aansoekers wat 60% en meer in die bevoegdheidstoetse behaal, sal vir aanstelling as nasienamptenare oorweeg word.

13.3 Aansoekers wat tussen 2011 en 2020 'n bevoegdheidstoets in die bogenoemde vakke afgelê het en 'n slaagsyfer van ten minste 60% behaal het, **hoef nie** in 2021 die bevoegdheidstoets in hierdie vakke **te herhaal nie**. Aansoekers word egter aangemoedig om die bevoegdheidstoetse af te lê as hulle hul uitslae wil verbeter.

13.4 Alle pogings sal aangewend word om aansoekers te huisves by 'n lokaal binne die onderwysdistrik waar hulle geleë is. Die lokale en datums van die bevoegdheidstoetse sal binnekort aan elke afsonderlike aansoeker oorgedra word.

13.5 Die bevoegdheidstoetse sal gegrond wees op die kurrikulum vir die NSS-vak en die toepaslike nasienvaardighede daarvan. In die geval van vakke wat uit twee

vraestelle bestaan, sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van Vraestel 1 sowel as Vraestel 2 getoets word. In die geval van Engels Huistaal, sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van Vraestel 1, Vraestel 2 en Vraestel 3 getoets word.

13.6 Die beplande datums vir die aflê van die 2021-bevoegdheidstoetse is 07−10 Junie 2021.

13.7 Daar word van enige persoon, wat vir 'n hoofnasiener- of interne moderator-betrekking aansoek doen en in hulle aansoek slaag, verwag om die verantwoordelikhede van die eksaminator, moderator en nasiener van die bevoegdheidstoets vir daardie vak tydens die 2022-siklus se bevoegdheidstoets te aanvaar.

14. **Aansoekdatums en indiening van verklaringsvorms**

| **Betrekking waarvoor aansoek gedoen word** | **Aansoeke open** | **Aansoeke sluit** |
|---|---|---|
| Interne moderator<br>Hoofnasiener | 22 Maart 2021 | 09 April 2021 |
| Adjunkhoofnasiener<br>Senior nasiener<br>Nasiener | 22 Maart 2021 | 14 April 2021 |

15. Alle aansoekers moet die verklaringsvorm invul (by hierdie minuut aangeheg as **Bylae C**). Maak asseblief seker dat dit deur die prinsipaal/distriksdirekteur onderteken en gestempel word en dan saam met die aanlyn aansoek oorgeplaas word.

16. 'n Ingevulde aansoek is geen waarborg van 'n aanstelling as nasienamptenaar nie. Die aanstel van 'n nasienamptenaar is slegs finaal wanneer die aanstellingsbrief wat deur die Hoof: Onderwys onderteken is, ontvang word, en aanstelling kan enige tyd beëindig word, soos per **Bylae A**.

17. Suksesvolle aansoekers sal skriftelik van hul aanstellings in kennis gestel word en sal vereis word om 'n kontrak met die WKOD te onderteken. Daaropvolgende kommunikasie oor die nasienproses sal per e-pos aan alle suksesvolle aansoekers oorgedra word.

18. Dit is 'n voorvereiste dat aangestelde nasieners keuringklaring ondergaan. Keuringklaring verifieer 'n nasiener se besonderhede, wat onder andere kwalifikasies, SARO-registrasie, burgerskap, huidige onderrigstand, adres, ens., insluit.

19. Daar word voorsien dat die nasientydperk in Januarie 2022 sal wees.

20. Dit is uiters noodsaaklik om daarop te let dat wanneer nasieners aangestel is, hulle beskikbaar moet wees vir die nasien van die algehele duur van die nasienproses. Nasieners moet dus beskikbaar wees totdat **alle antwoordskrifte nagesien en gekontroleer is**.

21. Indien u enige bystand benodig, kontak asseblief die volgende amptenare:

| Distrik | Amptenaar | Kontakbesonderhede |
|---|---|---|
| Kaapse Wynland Eden en Sentrale Karoo | Nicole Gezwint | Nicole.Gezwint@westerncape.gov.za<br>Tel.: 021 467 9329 |
| Metro-Oos Metro-Suid | Gladwyn Smith | Gladwyn.Smith@westerncape.gov.za<br>Tel.: 021 467 9369 |
| Metro-Noord Weskus | Michaela Africa | Michaela.Africa@westerncape.gov.za<br>Tel no.: 021 467 9362 |
| Metro-Sentraal Overberg | Sean Kloppers | Nicole.Geswint@westerncape.gov.za<br>Tel: 021 467 2980 |

22. Die nasien van die NSS-eksamen se antwoordstelle is een van die belangrikste afdelings van die eksamenproses. Die WKOD is trots op die aanstelling van gekwalifiseerde en bevoegde nasieners. Prinsipale en ander senior amptenare wat nasieners aanbeveel, moet dus te goeder trou optree.

23. Prinsipale, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders te bring om hul vertroud te maak met die aanstellingskriteria en aansoekproses wat gevolg moet word. **Die Direktoraat: Assesseringsbestuur kan nie verantwoordelikheid aanvaar as opvoeders nie in kennis gestel word van die inhoud van hierdie minuut nie, of as hulle nie alle nodige dokumentasie indien nie.**

24. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike saak.

**GETEKEN:** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2021-03-18